

Dinsdag 25 Januarie

Skrifgedeelte: Hebreërs 4:1-13

Fokusgedeelte: Hebreërs 4:12-13

Ons moet aan die Here rekenskap gee

Daar is verskillende maniere waarop mense rekenskap kan gee of probeer gee. In die eksamen gee jy rekenskap aan jou dosent oor hoe goed jy geleer het. Soms gee mense egter rekenskap oor hoe goed hulle 'n maat of vriend afgeskryf het. Die rekenskap wat gegee word, kan dus die toets van integriteit weerstaan, of dalk kan dit glad nie staande bly voor God se diepsnydende ondersoek nie.

Ons gedrag is soms so. Ons is nie soseer begaan of dit wat ons doen of sê, werklik eerlik is nie. Ons vra liever: Bevorder dit my saak of my aansien voor die mense? By die werk kan ek selfs goeie rekenskap gee as wat ek doen, verkeerd gemeet word. Ek kan die besigheid se kredietsaldo bevorder deur dalk my kliënte te bedrieg. My baas sal tevrede wees, maar kan my optrede die toets deurstaan wat die die Here aanlê?

Wanneer dit gaan oor rekenskap, is dit uit ons gelese gedeelte duidelik: Die Bybel meet anders oor ons dade as die maatstaf wat mense soms gebruik. Ons teksgedeelte sê ons moet aan die Here rekenskap gee. Ek kan dalk ander mense se rekenskapstoets slaag, terwyl ek glad nie by God se toets verbykom nie. Voor die Here lyk my balansstaat totaal anders as voor mense. Die Hebreërskrywer sê die Woord dring diep in my hart in en beoordeel wat my gedagtes en bedoelings was. Dis skerper as 'n swaard en ontleed noukeurig. Die Here se gebooie sal bepaal of dit wat die ontleedmes blootlê, gesond of siek is.

As my optrede en bedoelings deur die Here ondersoek word, slaag ek nog die toets, of staan ek diep skuldig voor die Here? Ons kan die Here nooit bedrieg as Hy ons dade meet nie.

Sing: Psalm 51-1:5

Ds. KA Janse van Rensburg (Anton) (emeritus)